

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 6
5 MAART 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeiedag Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Giovandré Roelofse in graad 4D en hul familie met die heengaan van hul oupa gedurende die week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

KOM ONS BID
Daar is van ons ouers en personeel se familie wat tans ernstig siek is. Ons wil almal vra om saam met ons vir hul spoedige herstel in die moeilike tye te bid.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING 2021
Tydens die verkiesing van 4 Maart 2021 was daar nie 'n kworum nie en kon die stemme wat uitgebring is nie getel word nie. **Daar het slegs 42 ouers die moeite gedoen om vir die verkiesing wat oor 'n tydperk van 8 ure gestrek het op te daag.** Dit bekommer my as dit 'n bewys is van hoe belangrik ouers die opvoeding van hul kinders beskou.

Daar is reeds gisteraand 'n kennisgewing van die tweede beheerliggaamverkiesingsvergadering wat op Donderdag, 18 Maart 2021, van 08:00 tot 16:00 gaan plaasvind, op D6 geplaas. Nominasievorm is by die kantoor beskikbaar. Nominasies sal vir hierdie doel vanaf **11 Maart 2021 tot 08:00 op 15 Maart 2021** by die skool aanvaar word. (Nominasievorms is by ontvangs verkrygbaar.)

Die nominasies van die eerste verkiesing van 4 Maart 2021 is nog geldig. Die persone hoef nie weer genomineer te word nie.

Ons wil alle ouers aanmoedig om die verkiesing van 18 Maart 2021 in die skoolsaal by te woon. U word vriendelik versoek om asb. die skeurstrokie van die kennisgewing wat vandag en Maandag vir die leerlinge gegee word, terug te stuur. **U moet asb. u ID-dokument/rybewys tydens die dag van die verkiesing saambring.** . Dit is nie nodig vir 'n kworum dié dag van die tweede verkiesingsvergadering nie.

PREFEKTE VIR 2021 AANGEWYS
Die prefekverkiesing vind gewoonlik aan die einde van die leerlinge se graad 6 jaar plaas. As gevolg van Covid-19 kon ons vir die eerste keer in die skool se geskiedenis, eers die prefekte in die jaar wat hulle moet diens doen, verkies. Baie geluk aan die volgende leerlinge wat as prefekte vir 2021 gekies is: (In alfabetiese orde)

DOGTERS
Jamie-Lee Bester (Hoofdogter), Jadey Chippet, **Mé-Jean du Preez (Onderhoofdogter),** Aneska Ferreira, Richelle Kern, Angelique Klue, Dané Mattheus, Kelsi Oelofse, Abigail Scheepers, Jennifer Smith, Hermione Strydom en Phoebe Visser**.**

SEUNS
Nicolaas Barkhuysen (Onderhoofseun), Juandre Gouws, Andrew Hart, Rubin Heneke, Matthys Potgieter, **Tiaan Riekert (Hoofseun),** Malcolm Thomson, Hendrik van Tonder en Tristan van Wyk.

PREFEK-VERKIESINGSPROSEDURE
- Ons erken dat elke leerling oor die potensiaal beskik om eendag tot ‘n uitmuntende leier te ontwikkel.
- Ons erken ook dat elke leerling nog maar net kind is met sy/haar eie tekortkominge.
- Slegs dit wat die leerling al by die skool ten toon gestel het, en geen buite faktore nie, mag in aanmerking geneem word.
- Al die opvoeders wat met die graad 6-leerlinge werk, nomineer moontlike kandidate.
- Die graad 6-leerlinge nomineer moontlike kandidate.
- Die kandidate wat die meeste stemme gekry het wanneer die leerlinge en onderwysers se stemme bymekaar getel word, is dan die prefekte.
- Die hoofleiers word vanuit die kandidate wat die beste deur die proses gekom het, d.m.v. ‘n stemming deur die personeel en die prefekte self aangewys.
- Geen opvoeder wat ‘n kind in graad 6 het, mag aan die proses deelneem nie.

Ek nooi ouers uit om ‘n afspraak by die kantoor te maak indien u meer inligting verlang oor hoe u kind in die proses gevaar het.

GESKENKPAKKIES VIR KINDERPARTYTJIES
Die snoepie gaan voortaan geskenkpakkies vir kinderpartytjies opmaak en fondse sal direk aan die skool gaan. Gewone geskenkpakkies sal teen R10 per pakkie verkoop word. Indien ouers ‘n spesifieke tema ingedagte het, kan u dit so aan ons kommunikeer en sal die pakkies dan R15 elk beloop. Foto’s van die gewone pakkies sowel as die temapakkies sal teen volgende Maandag op ons Facebookblad gelaai word. Bestel asseblief per e-pos by: fin@lnpark.co.za en betalings geskied streng EFT.

NASORG: AFHAAL PROSEDURE
Ons wil alle ouers wat van ons nasorg-fasiliteite gebruik maak herinner aan die afhaal prosedure om sodoende die vloei vir beide u as ouer en personeel te vergemaklik:

Skoolnasorg : Maak asseblief van die klein nasorghekkie by die rekenaarlokaal gebruik en kontak die personeel op: 072 400 9125 om u kind na die hek te vergesel.

Sportgronde : Maak asseblief van die hekkie in Geraldstraat (sportgronde) gebruik en kontak die personeel op: 082 455 6456 om u kind na die hek te vergesel.
Ons waardeer u samewerking in hierdie verband opreg.

TOELATING 2022: GRADE R en 1 (BESTAANDE OUERS)
Dit is alweer tyd dat ouers moet aansoek doen vir toelating tot die skool vir 2022. Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u 'n kind vir graad R of graad 1 in 2022 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

VOLGENDE WEEK SE ROOSTER
Die tabel hier onder dui aan wanneer watter groep skool toe kom. Slegs grade 4 tot 6 volg 'n spesifieke rooster. Die grondslagfase- en graad 7-leerlinge sal 'n normale skooldag-rooster volg. Die groepe waarin die leerlinge ingedeel is, verskyn in D6 onder bronne.

Bestudeer die onderstaande tabel om u te vergewis van hoe dit gaan werk.

Datum	Dag	Groep	Rooster gevolg
2021/03/08	Maandag	B	Volg Woensdag se rooster
2021/03/09	Dinsdag	A	Volg Woensdag se rooster
2021/03/10	Woensdag	B	Volg Donderdag se rooster
2021/03/11	Donderdag	A	Volg Donderdag se rooster
2021/03/12	Vrydag	B	Volg Vrydag se rooster

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2021
Soos reeds aan u deurgegee, beloop die skoolgeld vir die jaar soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 tot 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R15 500	R1 550	R1 410
Tweede kind	R14 100	R1 410	R1 282
Derde kind	R 9 800	R 980	R 891
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
	R15 500	R1 550	R1 410

NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAAL		
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**
13:00/13:30 – 14:15	R 5 100	R 1 275
13:00/14:15 – 17:30	R 7 520	R 1 880
13:00/13:30 – 17:30	R 8 800	R 2 200

MUSIEK: MAANDELIKS VOORUIT BETAALBAAR	
Periodes per week	**Per Maand/10 mnde**
1	R200
2	R310
3	R450

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2020. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.
Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien u skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2021, kan u kwalifiseer vir 'n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE
Die aansoekdatum vir verligting van skoolgelde het **reeds op 28 Februarie 2021 gesluit.** Indien u nog nie aansoek gedoen het nie, het u 'n **finale kans om aansoek te doen voor 12 Maart 2021.** U kan die nodige vorms per e-pos by Mev. Laas aanvra en dit so spoedig moontlik vir oorweging deur die beheerliggaam, indien. Die aansoekdokumente moét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees. Aansoeke moet na fin@lnpark.co.za ge-e-pos word.
Geen vrystellings wat in 2020 toegestaan is, word na 2021 oorgedra nie.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
Verander die wêreld, Here. Begin by my!
'n Chinese christen

Julle is die lig vir die wêreld. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.
Mat 5: 14, 16

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 8 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep B** Klerewinkel **07:30-12:00** ***Juf. Marlé le Roux verjaar**
Di – 9 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep A** ***Juf. Mari Blom verjaar** Finansiële komitee vergadering : **17:00**
Woe – 10 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep B** Klerewinkel **12:00-14:30**
Do – 11 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep A** ***Juf. Karien van der Merwe verjaar**
Vr – 12 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep A** Klerewinkel **07:30-12:00**

SPORT & KULTUUR

SWEM GALA : 19 – 20 FEBRUARIE 2021
Isabel Kühn in graad 5Z het op Sondag, 28 Februarie 2021 aan ‘n klub-gala deelgeneem. Haar uitslae vir dogters 10 jaar oud was soos volg:

- 50m rugslag : 1ste
- 50m vryslag : 1ste
- 100m rugslag : 1ste
- 200m IM : 1ste

Baie geluk met hierdie uitstekende prestasies, Isabel!

OP HENGEL-LIGA : 30 JANUARIE 2021
Tian Blom in graad 3B wat in 2020 5de plek onder die Top Junior Hengelaars met ‘n totale vangs van 105kg verwerf het, het weer op 30 Januarie aan ‘n OP Dam hengel-liga te Darlingtondam deelgeneem. Hy het die swaarste sak vis vir beide die O/16 en O/21 deelnemers ingeweeg alhoewel hy slegs 8 jaar oud is. Baie geluk, Tian!